

### Onskuldig of vrygespreek?

**D**rie keer verklaar die digter sy onskuld in hierdie psalm (vs 1, 6, 11). Hy sê nie dat hy sonder sonde is nie. Hy verklaar sy onskuld teenoor die Here en roep die Here op om hom te toets. Hy is 'n toegewyde gelowige wat leef uit die Here se liefde en sy trou. Hy sing tot lof van die Here en die woonplek van God, die tempel, het hy lief. In sy nood vertrou Hy sonder twyfel op God vir uitkoms. Hy pleit dat God reg aan hom sal laat geskied, hom genadig sal wees en hom sal red.

Soms word ons ook vals beskuldig in ons lewens, terwyl ons seker is van ons onskuld. Die belangrikste is egter nie wat mense oor ons sê en dink nie, maar God. Hy ken ons deur en deur. Hy weet of ons werklik onskuldig is en of ons lieg en maak of ons onskuldig is. Dit is maklik om mense 'n rat voor die oë te draai, maar nie vir die Here nie.

In Jesus Christus se lewe en sterwe is die inhoud van hierdie Psalm so duidelik vervul. Hy, die volmaak onskuldige, word deur die menslike regbank skuldig verklaar, terwyl mense valslik teen Hom getuig. Hy word onskuldig ter dood veroordeel en sterf in die plek van sondaarmense. Alhoewel ons vanweë ons sondes diep skuldig voor God is, word ons deur die geloof in Jesus deur God vrygespreek. Ons wat die dood verdien, ontvang vergifnis, vrypraak en die ewige lewe. Dit is die hart van die evangelie, dit is die waarheid wat ons vandag weer opgewonde en bly maak.

*Sing: Psalm 26:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*